SPEEL JOU KAARTE REG EN WEN GROOT MET
PAK JOU TAS BONANZA
KLIEK HIER WEN GROOT MET
VAKANSIESKOU HOLIDAY SHOW

Super14-rugbyreeks 2009
Klik hier vir die bepalings, uitslae en ander nuus oor 2009 se Super14-rugbyreeks.

Beeld
Jou wêreld, Jou koerant

Pieringoog op die pad
Die opdrag was: Gaan vind meer uit oor die VVV-instituut op Smithfield.

DIE GROOTPHAT UITVERKOPING kalahari.net
Spaar tot 70% op alle
boeke dvd's games speelgoed
musiek juweliersware

Reuse-teleskoop breek grense

Jun 29 2008 04:38:53:023PM - (SA)

Sterrekundiges het onlangs vir die eerste keer 'n reuse-radioteleskoop opgestel wat oor vier vastelande strek.

Druk artikel
E-pos storie aan 'n vriend

New Scientist het onlangs op sy webwerf (www.newscientist.com) berig dat radioteleskoop-antennas in Noord-Amerika, Suid-Amerika, Europa en Afrika op 23 Mei die eerste keer in werklike tyd met mekaar verbind is om effektief 'n radioteleskoop van meer as 11 000 km in deursnee te skep.

Al die antennas, waaronder sommige van Suid-Afrika, het op 23 Mei na dieselfde punt in die heelal gekyk.

Die data is met behulp van 'n spesiale veseloptiese kabelnetwerk na 'n versamelpunt in Brugge, België, gestuur.

Mev. Marina Joubert, 'n woordvoerder van Suid-Afrika se Square Kilometer Array (SKA) - teleskoopprojek, het in 'n verklaring gesê dié proses, bekend as Electronic Very Long Baseline Interferometry (e-VLBI), laat sterrekundiges toe om besonder hoë resolusie-radiobeelde van verafgeleë sterrestelsels te neem.

"Sterrekundiges van die EXPReS-projek kon danksy Europa se Joint Institute for VLBI en die GÉANT2-hoë-bandwydte, pan-Europese netwerk, wat deur die navorsingsnetwerk-organisasie Dante bestuur word, daarin slaag om die wêreld se eerste interkontinentale teleskoop te skep," het Joubert gesê.

EXPReS, 'n driejaarprojek geborg deur die Europese Kommissie, is daarmee belas om teleskope op dié vier vastelande in 'n netwerk te verbind en om die data elektronies in werklike tyd te korreleer.

Teleskope in Chili, Duitsland, Italië, Nederland, Puerto Rico, Swede en Suid-Afrika is volgens haar vir dié projek met mekaar verbind.

Sterrekundiges maak volgens New Scientist lank reeds gebruik van gekombineerde waarnemings van verskeie individuele teleskope.

Dié proses, bekend as interferometrie, produseer dieselfde resolusie as 'n enkele radioskottel wat so wyd sou wees as wat die afstand tussen die afsonderlike antennas is. Die e-VLBI-projek se grootte laat sterrekundiges volgens mnr. Chris Salter van die Arecibo-observatorium in Puerto Rico toe om beelde te neem teen tien keer die resolusie van die Hubble-ruimteteleskoop.

Voorheen is ooreenstemmende data van verskillende teleskope opgeneem en in koeverte na 'n sentrale versamelpunt gepos.

Nou kan data in werklike tyd oor veseloptiese kabels gestuur word om oombliklike saamgestelde beelde te vorm wat sterrekundiges in staat stel om maklik vir opvolgwaarnemings, soos met snelveranderende supernovas, te beplan.

"Die skaal en krag van die EXPReS-projek kan die manier hoe sterrekundiges na die heelal kyk, revolusionêr verander deurdat hulle van oor die wêreld kan saamwerk," het mnr. Dai Davies, bestuurder van Dante, gesê. – Saamgestel deur Fanie van Rooyen

Laaik.it

Teken in op Beeld

Kry Beeld op jou Facebook-profiel

Kry nuus op jou selfoon by www.beeld.mobi

-- Top stories in hierdie kategorie --

PROMOSIE

Bespaar NOU met OUTsurance!
Kommer stygende lewenskoste jou? Kliek hier en kry 'n kwotasie sommer vandag nog en spaar maandeliks op jou versekering!

Miss SA´s IQ is 137
Can you beat that? Test your IQ online right now!

Alleen in Pretoria ?
Ons reel lekker bymekaar komste vir vriendskap en singles

Ads door Google

VIND
GRATIS Faks na Epos
Reis en Verblyf
Top Afrikaanse Boeke
Werksgeleenthede
3 Boeke vanaf R10 elk
Wen tot R1000 verniet
Tiger Wheel & Tyre

VIR ALLE GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES
NETADS 24
Alle Kategorieë
SOEK
Plaas jou GRATIS advertensie hier!
SOEK | KOOP | VERKOOP

VIND JOU OU SKOOLVRIENDE
Kies jou skool se provinsie
Kies
en klik op die eerste letter van jou skool
A B C D E F G H I J K L M N O P Q R S T U V W X Y Z